# Swak ANC-uitslag 'sal sleg wees vir SA'

**Maryna Lamprecht**

JOHANNESBURG. – Die 2014-verkiesing gaan 'n referendum wees vir die beleidsrigting wat die ANC inslaan.

'n Meer populistiese ANC kan Suid-Afrika se voorland wees indien die regerende party minder as 60% in die verkiesing kry.

Só het dr. Jakkie Cilliers, uitvoerende direkteur van die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS), gesê. Die ISS het die naweek 'n verslag uitgereik wat drie moontlike scenario's vir Suid-Afrika se toekoms tot 2030 uiteensit.

"Indien die ANC swak vaar in die verkiesing kan die party vrees dat hy teen 2019 mag sal verloor. Hy kan skrik en terugval op populistiese beleid soos nasionalisering omdat hy bekommerd is dat hy die linkses verloor."

VERKIESINGSUITSLAG

**65%**

of meer 'sal die ANC-regering die selfvertroue gee om die Nasionale Ontwikkelingsplan in werking te stel soos hy wil'.

Die verdeeldenasie-scenario sal aangeblaas word indien Cosatu finaal uitmekaar skeur en linkse partye soos Julius Malema se EFF goed vaar in die verkiesing.

Volgens die ISS-verslag sal dié scenario met 'n lae groeikoers van 2,6% per jaar gepaardgaan – laer as Suid-Afrika se gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3,2% tussen 1994 en 2012.

Dié scenario word gekenmerk deur 'n "wrede siklus" wat populisme aanwakker.

Indien die ANC bo 65% kry, meen Cilliers die regering kan die Madiba Magic-scenario inslaan.

"[Dit] sal die ANC-regering die selfvertroue gee om die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) in werking te stel soos hy wil, sonder om op Cosatu te moet steun."

Om dit te laat werk, sal die regering 'n sterk adjunkpresident soos Cyril Ramaphosa moet aanstel om die NOP suksesvol te bestuur.

Dis die mees positiewe scenario met 'n jaarlikse groeikoers van 5,1%, armoedeverligting en stabiliteit.

Dié scenario kan ook bereik word indien Cosatu versplinter en die DA en ander partye se steun genoeg groei om 'n multiparty-demokrasie daar te stel.

Die Bafana Bafana-scenario, daarenteen, is 'n roete van kiesersapatie waar opposisiepartye nie daarin slaag om kiesers opgewonde te maak nie ondanks die "oninspirerende ANC-leierskap".

Dié pad sal lei tot 'n baie middelmatige Suid-Afrika wat sonder duidelike rigting "voortploeter" en 'n jaarlikse groeikoers van 3,8%.

Volgens Ralph Mathekga, 'n politieke ontleder, is elkeen van dié scenario's moontlik, maar sal die verkiesing bepalend wees oor watter rigting die ANC-regering inslaan.

"As die ANC minder as 60% kry, gaan hy desperaat wees."